Ontmoeting 8 Petrus in die tuin van Getsemane

Moenie baklei nie; bid.

Teks: Lukas 22:47-53

Hulpmiddels:
- Kopieë van die papier met vier blokke en opskrifte
- Inkleurpotlode/verf/vetkryt

WELKOM

Hande-en-vingers-klap-speletjie: *(Verwelkom die kinders en sê vir hulle dat julle 'n hersieningspeletjie gaan speel.)* Ek gaan vir julle iets vertel van Petrus en die ander dissipels. As dit wat ek sê, waar is, klap julle jul **hande** twee keer. As dit wat ek sê verkeerd is, klap julle jul **vingers** twee keer."

1. Matteus was die dissipel wat getwyfel het. *(Verkeerd: Tomas het getwyfel.)*
2. Judas het Jesus verraai. *(Reg)*
3. Die dissipels het geskrik toe hulle Jesus op die water sien loop. *(Reg)*
4. Johannes het uit die skuit geklim en op die water geloop. *(Verkeerd: Petrus het op die water geloop.)*

Moes jy al iets doen wat jy nie regtig graag wou doen nie? Het jy al ooit gevoel dat jy eerder met iemand wil baklei al is dit verkeerd? Het jy al met iemand baklei om iemand anders te beskerm? Vandag gaan ons luister na so 'n verhaal uit die Bybel, maar ek het julle hulp nodig. Julle moet vandag kunstenaars wees. 'n Kunstenaar beeld iets op 'n spesifieke manier uit soos hy dit sien. Hy kan verf, teken, met klei werk, musiek maak, houtwerk doen, ens. om dit wat hy sien, uit te beeld en met ander te deel. Vandag gaan ons almal kunstenaars wees. Ons gaan potlode/vetkryt/verf gebruik om dit wat ons hoor, met ander mense te deel.

(Gee aan elke kind die uitdeelstuk met die vier dele. Laat hulle dit in die helfte [horisontaal] vou en dan weer oopmaak tot A4-grootte. Laat hulle dit weer in die helfte [vertikaal] vou en weer oopmaak. Daar sal dan 4 gevoude blokkies wees, elkeen met sy eie opskrif: "Die tuin van Getsemane", "Die Beker", "Die Soen", "Die Swaard". Gee aan elke kind 'n potlood/kleurpotlode/verf [wat ookal beskikbaar is].)

Maar voordat ons na hierdie verhaal gaan luister, gaan ons as kunstenaars eers rustig raak.

WYDING

(Laat die kinders hulle oë toemaak en begelei hulle rustig deur die wydingsmoment. Speel 'n rustige aanbiddingslied in die agtergrond.) Verbeel jou jy sit by jou gunstelingplek waar jy met Jesus kan gesels. Sien hoe Jesus na jou toe aangestap kom. Hardloop na Hom toe en gee Hom 'n drukkie. Gaan sit saam met Hom op jou gunstelingplek. Sê vir Hom hoe lief jy Hom het. Luister wat Hy vir jou sê. *(As die tyd reg is, kan die kinders weer hul oë oopmaak.)*

Temalied:

"Weet jy dat Jesus jou liefhet?"

WOORD

Kunstenaars, is julle gereed om na die verhaal te luister en daarna met julle kuns te begin? *(Laat hulle reageer.)*

Getsemane beteken “oliepers”. ‘n Oliepers word gebruik om die olywe onder baie druk te sit en te pers totdat al die sap van die olywe uit is. ‘n Ander naam vir Getsemane was die Olyfberg. Hierdie tuin was nie vol blomme nie, maar het ‘n klomp bome gehad. Jesus en Sy dissipels het gereeld na die tuin van Getsemane gegaan om daar te gaan rus en te bid. Die tuin simboliseer die druk wat Jesus ervaar het.

(Laat die kunstenaars ‘n prent op die eerste blokkie teken soos hulle die tuin van Getsemane sien).

“Jesus het uitgegaan na die tuin van Getsemane. Hy het dit elke aand gedoen vandat Hy in Jerusalem aangekom het. Die dissipels het saam met Hom gegaan. Toe hulle by die Olyfberg kom, het Jesus vir die dissipels gesê: ‘Julle moet bid dat julle sal aanhou om My te volg, ook wanneer julle swaarkry.’

Jesus het 'n bietjie verder van die dissipels gaan staan, omtrent so ver soos 'n mens met 'n klip kan gooi. Hy het gekniel en gebid en gesê: ‘Vader, as U dit wil doen, neem asseblief hierdie swaarkry weg van My, moenie vir My hierdie beker gee om te drink nie. Maar U moenie doen wat Ek wil hê nie; U moet doen wat U wil hê.’ Toe kom daar 'n engel uit die hemel. Hy het aan Jesus verskyn en vir Hom krag gegee. Daarna het Jesus baie bang geword en Hy het baie ernstig gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword en dit het op die grond gedrup.”

Die beker is nie ‘n regte beker wat jy met water sal volmaak nie. Dit is ‘n denkbeeldige beker wat gevul is met die sonde van hierdie wêreld en die lyding wat Jesus namens ons almal moes verdra. Die eerste ding wat Jesus gedoen het, was om alleen tot God, Sy Vader, te bid.

(Laat die kunstenaars op die tweede blokkie ‘n prent teken van ‘n beker waarin al ons sonde en lyding is.)

“Toe Jesus klaar gebid het, het Hy opgestaan. Hy het by die dissipels gekom en gesien hulle slaap vas. Hulle was moeg, want hulle was baie bekommerd oor Jesus. Jesus het vir hulle gevra: ‘Hoekom slaap julle? Staan op en bid dat niks sal gebeur wat julle sal laat sonde doen nie.’ Jesus was besig om te praat, toe kom daar 'n klomp mense by hulle. Judas, een van die dissipels, het voor geloop. Hy het nader gekom na Jesus toe om Hom te soen. Jesus vra toe vir hom: ‘Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n soen?’”

In daardie kultuur het mans mekaar gewoonlik op die wang gesoen as ‘n teken van vriendskap of aanvaarding. Maar Judas het Jesus op die wang gesoen as ‘n teken van verraad.

(Laat die kunstenaars ‘n soen/lippe op die derde blokkie van die bladsy teken.)

“Die dissipels wat rondom Jesus gestaan het, het besef wat gaan gebeur en hulle het vir Jesus gevra: ‘Here, moet ons die mense met ons swaarde aanval?’

Petrus het toe met sy swaard na die hoëpriester se slaaf gekap.”

Die hoëpriester was die belangrikste priester. Hy was die hoof oor die ander priesters. ’n Slaaf is ’n mens wat aan iemand anders behoort en wat vir hom moet werk. Hy het die slaaf se regteroor afgekap.

Die dissipels se reaksie op Judas se verraad van Jesus was om terug te veg. Petrus het sy swaard uitgeruk en die slaaf se oor afgekap. Dit is die verkeerde manier om probleme op te los. Vandag probeer mense deur geweld hulle probleme oplos. Dit is hoe die wêreld probleme hanteer, maar ons doen dit anders.

(Laat die kunstenaars ‘n swaard op die vierde blokkie teken.)

“Maar Jesus het vir die dissipel gesê: ‘Hou op!’ Jesus het aan die slaaf se oor geraak en Hy het die slaaf gesond gemaak. Toe vra Jesus vir almal wat gekom het om Hom te vang, die priesterleiers, die offisiere van die wagte wat by die tempel werk en die familieleiers: ‘Hoekom het julle swaarde en stokke saamgebring? Dink julle Ek wil teen die regering veg? Ek was elke dag

saam met julle by die tempel en julle het My nie gevang nie. Maar nou is dit nag, die tyd wat die vyande van God kies om slegte dinge te doen en julle kan nou doen wat julle besluit het om te doen.'"

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe Jesus gevoel het toe Hy alleen met Sy Vader gepraat het en gevra het dat die beker by Hom moet verbygaan.
2. Ek wonder hoe Petrus gevoel het nadat hy die slaaf se oor afgekap het.
3. Ek wonder wat jy doen as jy kwaad of bang is.
4. Ek wonder wat sal gebeur as jy elke keer tot Jesus sal bid as jy kwaad of bang is.
5. Ek wonder wat sal gebeur as jy vir jou vyande bid.

WERSKAF

- Laat elke kind sy/haar 4-blokkie-kunswerk wat hy/sy geteken het, vir iemand anders wys en verduidelik wat die tuin/beker/soen/swaard simboliseer. Laat hulle dit huis toe vat en vir hulle ouers/voogde wys en vertel.
- Die kinders maak 'n masker en 'n los oor wat kan "afgekap" word. Laai hierdie aktiwiteit gratis van die internet af:
  https://www.biblefunforkids.com/2014/11/jesus-in-garden-of-gethsemane.html?m=1.
- Inkleurprent

Sluit af met 'n seënbede wat die kinders vir mekaar sê:
"Jesus het jou baie lief.
Hy het jou genooi.
Jy is baie welkom by sy tafel.
Hy vergewe jou. Hy maak jou hart gesond.
Sy Gees woon in jou. Amen."



Die tuin van Getsemane	Die beker
Die soen	Die swaard

Die tuin van Getsemane	Die beker
Die soen	Die swaard